

Om my eie skuld te probeer verskuif

Teks: Romeine 9: 19 - 29 & Sondag 3

Teksvers: Romeine 9: 19

1. Inleiding

Ons het al die uitspraak “Die Here het my laat sondig” gehoor. Of miskien die sagter verbuiging daarvan in uitsprake soos: ““Dit moes seker so gebeur.”, “God weet mos hoekom dit gebeur het.” “As God dit nie wou hê nie, sou Hy dit gekeer het.”, “Ek was onder groot druk — God verstaan.” Hierdie verontskuldigings is natuurlik so oud soos die mensdom selfs. Ons sien al in Genesis 3 dat Adam vir God blameer vir sy sonde in Genesis 3:12 ““Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet”.

Ook in vanaand se Kategismus afdeling sien ons so ‘n verontskuldiging benadering van die mens. Het God dan die mens so sondig en verkeerd geskape in vraag 6. Die gedagte lyn agter hierdie stelling is dan dat God die mens geskape het sodat hy nie anders kan as om te sondig nie. En as ‘n mens nie ‘n ander opsie het nie, dan is jy mos nie skuldig nie of hoe?

Maar hierdie verontskuldiging gaan nie werk nie, want God het per slot van sake nie die mens boos en sleg geskep nie. Die rede en oorsprong vir boosheid lê nie by die Here nie. Maar by die Satan, die wêreld en die mens selfs.

Tog kan ons mense onself so maklik verhef tot buitekant die probleem. Ons wil dan hier van buite ‘n oordeel vel oor die situasie. Maar hierdie selfverheffing is uiteindelik net deel van die boosheid van die mens wat na vore kom. Kom ons verduidelik verder waarom die mens nie op hierdie manier sy skuld sal kan verskuif nie.

2. Die verkeerde maatstaf.

Ons begin die maatstaf of eenvoudig gestel die liniaal waarmee ‘n mens meet. Wat is die standaard. Hoe besluit ek wat goed en regverdig is. Ons lewe vandag in ‘n era wat vooraf gegaan is deur ‘n era van koue kliniese wetenskap. Feite wat nagevors kon word en dan antwoorde wat vas staan. Die Mens wat in al sy wysheid dink dat hy alleen die standaard daar gestel het. Die moderne oogpunt reageer hierop met emosie. Gevoel en belewenisse word die standaard waaraan alles gemeet word.

Wanneer hierdie gevoelsstandaard dan aangewend word, lyk dit of God onregverdig met die mens is. Maar dit is belangrik om reeds al hierdie die groot dwaling raak te sien. Want hierdie dwaling is eintlik ‘n Godslastelike saak. Dit behels die proses van denke waarin ek myself bo kant God probeer stel. Dit is die proses van eksterne stel reëls en standaarde in bring waaraan ek dan ook vir God

wil meet. Dit terwyl ons weet dat dit eintlik God alleen is wat alle reëls en standarde geskep het.

Dit is juis daarom dat Paulus ook die bekende pottbakker beeld in vers 21 gebruik. Want die mens wil die Pottbakker van 'n kreatiewe kunstenaar reduceer na 'n produksielyn werker. In die produksielyn moet die een pot na die ander eenvoudig gemeet aan 'n eksterne standaard mooi wees. Daarom is die eintlik 'n geloof saak wat die probleem in ons argument vanaand skep. Dit gaan oor die aanbidding van 'n eksterne stel reëls of maatstawwe in plaas van die aanbidding van God alleen. Ons Hemelse Vader wat die skepper van goedheid, guns en regverdigheid is. Hy is absoluut soewerein en het die mag om enigiets uit die klei te skep.

Ons as die voorwerpe van die klei moet biddend in dankbaarheid buig voor die Here. Want wanneer ons die Here probeer oordeel of meet, is ons nie meer besig met geloof nie. Dan is ons afgodies besig om iets anders groter as God te maak en te aanbid.

3. Boosheid nie die oorspronklike intensie nie

Wanneer 'n mens hierdie verkeerde maatstaf tot die werk van die Here aanlê is die gevolgtrekking uiteindelik ook verkeerd. Dit is dan juis hier waar Sondag 3 in kom. Ons het reeds die inherente boosheid van die mens bespreek in die vorige sonde afdelings. In vraag 6 word dan gevra of hierdie inherente boosheid van die mens, eintlik in sy wese ingeskepe is.

Want as dit die geval is, is die mens mos onskuldig omdat hy nie anders kan optree nie.

Wanneer ons Genesis 1 gaan kyk sien ons dat God aanvanklik die skepping afhandel in vers 25. Dan besluit Hy om die mens na sy beeld te maak, as Sy verteenwoordiger. Die mens moet heers oor die hele skepping wat reeds as goed verklaar is. Dit is nie die Here se intensie om iets slegs te laat heers oor al die goeie nie. Dit is duidelik uit Genesis 1:31 waar God na alles kyk wat Hy gemaak het en dit dan as baie goed verklaar. Alles sluit dan natuurlik ook die mens in. Die mens is ook deur God perfek geskep.

Die argument dat sonde eenvoudige 'n uitvloeisel van die gebroke mens wat in swakheid geskep is, is dus nie geldig nie. God het die mens volmaak geskep met die vermoë om oor alles, insluitend die sonde te heers. Maar die bose kom verlei uiteindelik hierdie vermoë van die mens, sodat hy ook in opstand kom teen sy maker. Soos ons in die vorige punt gesien het wil die mens dan sy vermoë om te heers misbruik om ook oor God te probeer heers. Maar dit is nie die oorspronklike intensie waarmee die mens geskep is nie. Die mens is geskepe om te aanbid, om te dien. Al wat egter die moeite werd is om te aanbid en te dien is God self.

4. Menslike aangetrokkenheid

Uiteindelik kom die vraag dan, maar waar kom die sondigheid en boosheid van die mens dan vandaan? Want indien dit nie 'n ingeskepe eienskap

van die mens is nie, moet dit mos van buite kom. Dit is dan presies soos dit gebeur. Ons ken dit goed uit Genesis 3, die mens word deur die Satan verlei om in opstand te kom teen God se gesag. En dan maak die mens die keuse wat voortaan inherente 'n merk in die ganse mensdom laat. Die mens se aangetrokkenheid tot die bose word vandag nog duidelik ervaar. Kyk maar net dikwels hoe donker die belangstelling van mens is.

Maar alles is nie verlore nie want daar is ook iets anders wat ekstern tot die mens staan. Ons Here Jesus Christus wat na die aarde kom. Hy gee Sy lewe sodat ons vrygekoop kan word van hierdie houvas wat die bose op ons het. En daarom word ons wedergebore in die Here. Sy sterwe en opstanding kom verlos ons en gee aan ons 'n nuwe lewe. In hierdie nuwe wedergebore lewe is ons nie meer uitgelewer aan die inherente aangetrokkenheid tot die bose binne ons nie. Daar is nou 'n nuwe hart binne ons, wat aangetrokke kan wees tot die eer en verheerliking van die Here.

Ons het die voorreg om deur die leiding van die Heilige Gees hierdie nuwe lewe tot eer en verheerliking te leef. Wanneer ons ook besef dat verlossing en redding ook van buite na ons kom, dan kan ons nie anders as om in dankbaarheid die Here te aanbid en loof elke dag nie. Daarom is ons belydenis die antwoord op vraag 8. Uit ons eie is ons nie in staat tot iets goed nie, maar deur die wedergeboorte in die Here is ons in staat om werklik 'n aangename geur te wees wat opstyg voor die aangesig van God.

5. Slot

Ons kan afsluit deur opsommend te sê dat Sondag 3 gaan oor skuldverskuiwing. Soos ons gesien het is dit 'n manier waarop die mens alreeds vanaf die vroegste tye die waarheid probeer manipuleer. Natuurlik vandag, met die gewildheid van die slagoffer mentaliteit, vier hierdie benadering hoogty. Maar die waarheid bly dat ons nie ons skuld kan oorskuif op iets of iemand anders nie. Die oorsaak, aksie en gevolg van ons sonde is niemand anders as ons eie skuld nie. En daarom staan die mens veroordeeld voor die toorn van God. Ons verdien niks anders as die ewige dood nie.

Behalwe, in vraag 8 tref ons die woord behalwe aan. Ons verdien die ewige dood en dit sal ons erfdeel wees behalwe as iets ander gebeur. Vraag beskryf dan die wedergeboorte deur die Gees van God. As wedergebore mense in die sterwe en opstanding van Christus is ons in staat om iets goeds te doen. Ons is in staat om te leef tot eer en verheerliking van God. Op die einde word ons skuld wel verskuif, verskuif na die volmaakte offer wat in ons plek gebring word. Hierdie offer is die sondelose liggaam en lewe van ons Here Jesus Christus.

Maar wat vanaand vir ons belangrik is, is eie verantwoordelikheid. Die sonde, en die keuse om dit te doen is niemand anders as net my eie skuld nie. Daar is nie versagtende omstandighede vir my sonde nie. Maar in die Verlossing in ons Here Jesus Christus is daar wel genade.

Amen